

Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die vriendelike
samenwerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein

(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

Vrouetrou

- 1921 -

(deel 1: bladsy

geskryf deur

C. J. Langenhoven

Belangrik: hierdie teks word onderverdeel in

deel 1: bladsy 1 - 21 / deel 2: bladsy 23 - 47

Toestemming vir opvoerrechte berus by:

Afrikaanse Kontemporêre Drama Argief

e-posadres: Leana Welgemoed (leanawel4@gmail.com)

75/265 Enkeloeksempaar

VROUETROU

NATIONAL DRAMA LIBRARY
NASIONALE DRAMA BIBLIOTEK
BLOEMFONTEIN

TONEELSTUKKIE

J. Langenhoven

DEUR

C. J. LANGENHOVEN



Geleuk en uitgegee deur De Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad,
Stellenbosch, Bloemfontein en Hartswaterburg.
1921.

1102535

ALLE REGTE VOORBEHOU

Sover as hierdie eerste uitgaaft betref is daar geen verlof vir opvoering deur amateurs nodig nie; maar miskien sal dit die skrywer vergun word om met alle vriendelike beskeidenheid aan die hand te gee dat waar 'n suksesvolle opbrings behaal word, tog 'n deeltjie sal afgeknyf word ten bate van die Universiteit van Stellenbosch.

TOEWYDING

My vroujie, jou ou man dit weet. Hy weet wat vrouetrou,
Hy weet wat vroueliefde is, want hy het mos vir jou.
Hy weet van vrouestrenghed ook en onvoldoentlikheid:
Maar waar jy darem goedkeur daar kan heel die wereld wyd
Deur moedsdel of deur misverstand veroordeel en verdoek—
Hy steur kom nika. Hy 't mos vir jou: wat sal hy verder soek?
Jou heerskappy is oorgenoeg.

En hierdie „Frouetrou“

Is deur jou byval goedgekeur. Hy draag dit op aan jou.
Met al sy liefde en sy trou. Dit is maar mannetrou,
Maar van gelyke kom mos nie aanbidding—e jy nou?—
En dit is wat hy gee aan jou, aan jou, sy troue vrou:
Hy gee dit, neem dit, neem en hou, met die vrouetrou!

Jou ou man,

C.J.L.

Kaapstad,

September, 1921.

PERSONE

OOM HENDRIK	'n Grysaard
MIETA	sy Aangenome Dogter
JAN	sy Seun
OOM DAWID	Buurman en Boesemvriend van Oom Hendrik
VAN ZYL	'n Prokureur
HANSIE	Verliefde op Mieta
ELSIE	'n Progressiewe Nooi

Die hele stuk speel in die voorhuis van Oom Hendrik af. 'n Voordeur, 'n eetkamerdeur, 'n slaapkamerdeur, en ten minste den venster.

EERSTE BEDRYF

(Mieta word op die toneel ontdek. Sy het 'n hoeveelheid blomme waarmee sy blykbaar net uit die tuin gekom het. Sy sit hulle op die tafel neer, kies 'n stuk of wat daaruit en hou hulle in haar hand voor haar.)

MIETA (alleen):

Ek kan jul mos vertrou, my blommetjies:
Ek sal jul sê wat ek aan niemand sê—
Aan niemand in die wye wereld ooit—
Ja, wat ek bang is om te fluister aan myself.

Ek sal jul sê wat in my hartjie is.

Maar jul vertrou vir my mos ook, nie waar?
Nou ja, vertel aan Mieta jul geheim:
Wat maak jul op die aarde, blommetjies—
Jul is mos glad te goed om hier te wees?
So rein en skoon, so soet, so sonder sorg—
En Salomo in al sy heerlikheid
Was nie gekleed soos één van julle nie.

Op almal val daar swaar, op almal leed—
Op julle nooit—jul bly gedurig maar
Gelukkig; altyd straal jul soet gesiggies
Lief en bly. Al wát hier op die aarde leef,
Leef maar om leed te doen of leed te ly—
Om te verderf of om verderf te word:
Maar julle het geen vyand en geen prooi.

Seg my, my blommetjies, wat maak jul hier;
En seg my, waar kom julle tog vandaan?

(Sy hou die blomme aan haar oor.)

Ek luister, ja; ek hoor jul fluister sag
Net in my oortjie, in my hartjie net alleen.
Ek luister en ek hoor en ek verstaan:
„Ons blommetjies kom uit die hemel uit,
„En ons kom julle mensies soheentoe lok.”

Nou ja, my blommetjies, ek het gehoor;
En nou sal ek weer my geheimpie sê:
Ek sal jul sê wat in my hartjie is—
Wat ek aan niemand in die wye wereld sê.

En wat daar is dit maak my hartjie seer—
O blommetjies, dit maak hom baie seer.

Maar ek sal sê wat in my hartjie is—

*(Oom Hendrik kom in en gaan op 'n rusbank
sit wat by die tafel staan. Gedurende die gesprek
wat volg bly Mieta aan die gang om die blomme
reg te knip en te rangskik.)*

OOM HENDRIK:

Dit word al euf uur, Mieta, waar sou Jan
So lank vertoef? My hart voel altyd swaar
As hy van huis af weg is.

MIETA:

Ou Vadertjie

Hy sal wel aanstonds kom—dis drie uur vër
Van Enkeldrif. Miskien het hy gebly
En na die oggend-ete eers vertrek.

OOM HENDRIK:

Hy knier nou gedurig daar; vir jou
Het hy geen tyd nie en geen tyd vir my.
En jy is tog aan hom verloof, my kind,
My aangenome kind, die ligstraal van
My laaste donker dae hier op aarde—
Aan hom, my eie seun, my enigste,
Al pand wat vir my bly van haar wat rus.
Hy moes die steun wees van my ouderdom,
En hy is my tot sorg en tot verdriet.

MIETA:

Hy is nog jonk, ou Vadertjie, hy sal
Met ryper jare ryper wysheid leer.

OOM HENDRIK:

Nog jonk, en met 'n vaders trou en sorg
En met 'n vaders raad om hom te lei
Bevoorreg, en hy luister nie. Hy gaan
Sy eie dwase pad tot ondergang.
Hy luister nie, want liefde het hy nie;
En sonder liefde, waar's gehoorsaamheid?
Hy soek geselskap daar op Enkeldrif
By wellusjaers wat hulself alreeds
Deur weelde, dobbel, reisie, drank en meer
Bankrot geswier het. En die dogter daar—
Sy verf haar aangesig; sy rook; sy dra
'n Kleredrag wat onbeskaamdheid toon.
En sulke mense is sy maters nou,
Om hül ontwil vergooi hy jou en my.
Maar, Mieta, jy's aan hom verloof, my kind,
Wat nie my kind is nie maar liefde voel
Vir my soos ek vir jou—my kind, ek sterf
Te minder ongerus want jy sal bly:
Om my ontwil sal jy my arme seun
Tot vrou, tot vader en tot moeder wees—

My aangename kind, jy sal vir hom,
My eie kind, nog red deur die invloed van
'n Vrouhart, wat alles oor 'n man
Vermag.

MIETA :

Ek was 'n weeskind, Vadertjie,
Met niemand op die aarde vir 'n sorg.
En jy en Tante Mieta wat daar rus
Was meer as vader of as moeder ooit
Vir my kon wees. Om haar ontwil, om jou
Ontwil, sal ek my lewe wy, sal ek
My liefde gee; en al wat ooit 'n vrou
Haar man tot heil en tot geluk kan doen—
Dit sal ek doen en wees vir Jan, en reken
Dis nog niks vir wat aan my gedaan
Is nie. Jy het my woord, ou Vadertjie,
Jy ken my trou.

OOM HENDRIK :

Het jy hom lief, my kind,
Of onderneem jy dit om my ontwil?

MIETA :

Ou Vadertjie, as kinders het ons saam
Gespeel en groot geword en saam
As jongling en as maag ons hart leer ken.
Jy weet wat ek van kleins af was vir Jan—
Jy weet wat Jan van kleins af was vir my.

OOM HENDRIK :

Ek sien my vriend, ou Dawid; ek het hom
Laat weet ek wou 'n dingetjie met hom
Bespreek. Ek gaan hom binne bring.

(Hy gaan uit, by die voordeur.)

MIETA (alleen) :

Kan ek—

Kan ek hom sê daar is geen liefde nie
As wat 'n suster vir 'n broer kan voel?
Ja selfs soveel as dit het Jan verbeur,
Want selfs soveel as dit kan nie bestaan
Waar daar geen agting is. En hoe kan ek
Vir Jan nog agting voel? Maar nooit sal ek
Dit aan die ou man openbaar. Hy sou
My los van my belofte—hy 't my lief.
'n Offer so afgryselik sou hy
Van my nie verg; om aan 'n man wat my
Met tegesin vervul geboei te word;
My liggaam en my lewe en my siel
Te gee om in die modder te vertrap
En te besoedel. En dan nog—my hart
Is nie meer myne nie—is afgestaan
Aan beter keus as hy, as daar vir my
'n Keuse was. Ek sidder om te dink
Wat so 'n offer my sal kos. En as
Hy wis—die ou man—as hy wis, hy sou
Van my dit nie begeer nie—hy't my lief.
Maar watter droefheid doen ek hom dan aan
Vir 'al wat ek hom skuldig is! Nee, so
'n Skande van ondankbaarheid sou ek
Myselwe nooit vergewe. Help, o Heer,
My om getrou te bly aan skuld en plig.
O Here, help my om my kruis te dra;
En help ook hom wat my so dierbaar is—
Hier in my diepste hart woon hy alleen.

Wanneer die tyd daar is dat ek my trou
Versweer het waar my keuse is, en dáar
Dit toegesweer waar selfs verdraagsaamheid
Sal swaar wees om te gee, vergeef my, Heer,
Die leuen onder plegtig segel van
U heiligdom; en leer my tog om trou

Te bly; en leer my liefde gee waar ek
 Geen liefde voel; en roei met wortels uit—
 Die laaste uit die diepste van my hart—
 Die liefde wat voor U sal sonde wees.
 En troos, o Here, troos vir hom wat ek
 Moet weier met 'n hart wat skree om aan
 My boesem hom te druk. Help my verberg,
 Dat hy dit nimmer, nimmer, nimmer weet
 Dat ek hom liefhet, liefhet, liefhet, lief
 Soos hy vir my.

*(Oom Dawid kom by die voordeur in, gevolg deur
 Oom Hendrik. Mieta vee haastig haar oë af en
 vervat die rankskikking van die blomme.)*

OOM DAWID:

My jonge dogter, wees
 Gegroet. Dit doen 'n ou mans hart so goed
 Om so 'n beeld van skone jeug te sien,
 Met ogies wat soos sonnestrale glans,
 Met rooie wange soos die daeraad,
 Met frisheid in haar kleur en in haar getr,
 Met lieflikheid wat liefde lok, maar taai
 En suinig waar sy roof om trug te gee.

MIETA (lag):

Oom Dawid, jou ou skelm, ek ken vir jou.
 Jy vlei die laaste nooi net soos vir my,
 En jy 'n grysaard—skaam jou tog, ou man!

OOM DAWID:

Ag, hoor tog nou hoe praat die meisiekind!
 Maar dit is niks—sy praat maar so: ek weet
 Sy glo my al die tyd. Maar seg vir Oom,
 My kind—waar kom die blommetjies vandaan?

MIETA:

Hul het vir my gesê, Oom Dawid. Maar
 Dit is 'n baie diep geheim. Ek durf
 Dit aan geen niemand openbaar nie, Oom.

Maar ek kan sé wie 't hulle hier gebring het.
 Dit was 'n engeltjie.

OOM DAWID:

Ek ken vir haar.
 En vir 'n engeltjie is sy maar wreed.
 'n Mens moet nooit—en nog te meer dan nie
 As jy 'n engel is—'n mens moet nooit
 Jou eie maters om die lewe bring—
 Te minder nog as hul jou mededingers
 Nooit kan wees nie. Jaloesie, my kind,
 Is nie die hartstog van die meerdere.

MIETA:

Maar raaisels gee, die voorreg van die oue.

OOM DAWID:

Raaisels, kind? Ek het 'n sterretjie
 Gevra: „Wat is dit, seg my tog, wat snags
 Daar aan die hemel fonkel?” En hy knik
 Sy ogie fonklend, fonklend al die tyd,
 En seg, verwonderd: „Fonkel? Snags daar aan
 „Die hemel fonkel? Wat sou dit tog wees?
 „Nee, nee, ou man—jou raaisel is te diep.”

OOM HENDRIK:

My kind, Oom Dawid is behoeftig en
 Hy vlei en vry waar hy vooruitsig sien
 Op spoedige voldoening.

MIETA :

Vadertjie
Is reg, Oom Dawid,—jy is bitterlik
Behoeftig, Oom, en dit is nie jou hart
Waaruit die swaar behoefte spreek.

OOM DAWID :

Waaruit

Dan, Mieta?

MIETA :

Vadertjie is reg. Ek sal
Gaan koffie maak.

(Sy gaan uit. Die twee oues lag ewe lekker.)

OOM HENDRIK :

Neef Dawid, daar's 'n saak
Wat ernstig is en ek wil met jou praat
Daaroor. Want ek moet gaan en jy sal bly.
Ek voel my dae is getel. Jy was
My boesemvriend deur lange jare heen,
En ek was dit vir jou. Ons lief en leed
Het ons gedeel, en tussen ons, ons twee,
Was elke blydschap dubbel om te smaak
En elke kruis was half maar om te dra.
Maar oor my arme seun het ek geswyg—
Ek kon nie in jou oë kyk, my vriend,
As ek sy naam moes noem.

OOM DAWID :

Ek het verstaan,

Ou vriend.

OOM HENDRIK :

En ek, ek weet, my vriend, ek weet,
Ek weet. Maar nou dat ek moet gaan en hy
Wat onder vaders oog nie eens wou loop
Die pad wat ek bewandel het—God weet,
Met swakheid maar tog strydend om te doen
Wat reg was voor my ewemens en Hom—
En hy bly sonder vaders oog oor hom,
Nou moet ek tot my skaamte praat, ou vriend.

OOM DAWID :

Neef Hendrik, ek kan voor jou gaan. En Hy
Wat oor ons dood en lewe heers, kan jou
Nog baie jare spaar. Maar mog dit wees
Dat jy vooruitgaan—gee my jou bevel,
En wat daar in 'n grysaards swakheid lê
Sal aan jou nagedagtenis getrou
Jou dienstig bly soos hier ons vriendskap was—
In woord, in daad, en in gedagte trou.

OOM HENDRIK :

Ek dank jou, my ou vriend, jou woord is my
Genoeg. Daar's één wat nog vir Jan kan red,
En dis my aangenome dogter, mits dat sy
Die invloed van 'n huisvrou oor hom het.
Jy weet, ou vriend, hul's lankal reeds verloof,
Maar in die laaste tyd draai hy sy rug
Vir haar net soos vir my. Ek vrees hy sal
Dit uitmaak en die meisie trou wat hy
Gedurig nou besoek op Enkeldrif.
Ek wil haar nie veroordeel nie, sy is
'n Meisiekind, haar roem is haar juweel.
Maar dis my seun wat hier betrokke is—
Ek soek maar om my eie te beskerm.
Die mense van die meisie daar was ryk.
Hul het hulself reeds deurgebring. Hul sal
Vir Jan sy erfnis spoedig help verteer—

En hy sal nie veel hulp ook nodig hê.
 Ek het vandag die prokureur laat haal;
 Ek wil my testament sodanig maak
 Om daardeur te verseker dat my seun
 Met Mieta trou.

OOM DAWID:

Neef Hendrik, ek verstaan.
 Maar seg—het Jan vir Mieta lief?

OOM HENDRIK:

My seun
 Het niemand lief as net homself; en dié
 Het hy so lief dat hy homself nooit keer,
 Nooit tegegaan, verlogen of bestry—
 So lief dat hy homself bederf. As hy
 Nie Mieta neem sal hy geen ander ook
 Bemin.

OOM DAWID:

Maar sy—het sy hom lief? So nie,
 Hoe sal 'n heidelose huwelik
 Die saak verbeter?

OOM HENDRIK:

Sy 't my laat verstaan
 Sy het hom lief. Ek het haar dit gevra
 Uitdrukkelik. As dit ook anders was—
 As ek die minsie twyfel had daartoor—
 Sou ek selfs om my seun ontwil, my één
 En enigste, selfs om die adelroem,
 Tot hiertoe onbevleek, van my familie-naam,
 My aangenome dogter nimmer vra
 Om so haar lewe te verongeluk.
 Sy sou dit doen, wat dit ook kos, sy het
 My lief. Maar ek het Mieta lief, my vriend—
 Ek sou nie so 'n vloek van misbruik maak
 Van haar erkentlikheid.

(Mieta kom in met twee koppies koffie. Sy gee
 die één aan Oom Dawid en presenteer die ander
 aan Oom Hendrik.)

OOM HENDRIK:

My dogter, sit
 Tog asseblief die koppie maar hier neer.
 Ek sal dit netnou neem—ek voel al weer
 Die duis'ligheid. Dit sal verbygaan. Hoor
 Ek nie 'n kar daarbuite stilhou nie?
 Kyk uit tog, Mieta. Seg my, is dit Jan?

(Mieta kyk by die voordeur uit.)

MIETA:

Ja, Vadertjie, dis Jan.

(Opsy:)

O hemel tog!
 Hy is weer so soos Vadertjie hom nooit
 Gesien het nie, want ek het weggesteek.
 Hy steier af, hy gooi die leisels weg
 En laat hul net so lê. Dis goed, die jong
 Kom by. En Jan kom wagliend huistoe aan!
 Sy vader sal hom sien.

(Jan kom by die voordeur in, in 'n beskonke
 toestand.)

JAN:

More—h'k—more, Pa; dag, Oom—h'k—
 Oom Dawid.

(Oom Hendrik en Oom Dawid kyk vir Jan aan.
 Oom Dawid laat sy kop sak. Oom Hendrik, asof
 deur skaamte of senuweeagtigheid beweeg, tel sy
 koppie koffie van die tafel af op. Met die nader-
 bring van die koppie naar sy mond, val dit uit
 sy hand uit en hy sak inmekaar. Mieta en Oom
 Dawid vlieg by, vang hom en leg hom op die rus-)

bank neer. Mieta hardloop om 'n glas water te bring en hulle laaf die ou man. Jan lag op 'n sotte manier.)

JAN:

En wat—h'k—sjou die ou—h'k—mekeer? Ek dog—h'k—disj net okke wat—h'k—'n night out gehad het.

(Oom Hendrik kom weer by. Mieta spring naar die voordeur toe en skree naar buite.)

MIETA:

Kiewiet, moenie verder uitspan nie. Span weer in. Ons moet dorptoe laat jaag vir die dokter. Die Ou Baas het 'n oorval gehad.

JAN:

Ek weet nie—h'k—wie 'r sal jaag nie. Ek—h'k—ekke nie. Ek voel—h'k—glad te moeg en te—h'k—vaak. Ek het—h'k—die heel nag—h'k—opgesit en—h'k—kaart gespeel. Disj darem durwelsj—h'k—daardie mensje van—h'k—Enkel-drif. Weet om die lewe—h'k—te geniet. Nie van hierdie—h'k—bekrop—bekrompe en godsj—godsj—godsjdienstaggerige ouesj sjoosj my Pa en Oom—h'k—Dawid nie. Nee. Moenie—h'k—glo nie. Nou ja. Ek gaan—h'k—sjaap. Ek ry vir geen—h'k—mensj—nou—h'k—dorptoe nie.

(Jan gaan uit, by die kamerdeur in. Oom Hendrik lig hom op en bly lê op sy een ellenboog. Hy praat beswaarlik, met hygende asem.)

OOM HENDRIK:

Mieta, kind, ek het gesien hoever My seun alreeds gevalle is. Sal ek Jou los van jou belotte?

MIETA:

Vadertjie,

Ek hoor.

(Opzy:)

Hy sal my los! Verlossing, a. Verlossing hemelsoet van helse doem. Ek kan verlossing kry. Sal ek dit neem? Hy sal my los—ek wis dit al die tyd. Hy sal, maar wil hy graag? Sy sterwend hart Begeer dit nie. Ek sal sy liefde nie Misbruik.

Hoe skoon is die vooruitsig tog
Wat Vadertjie my in my hande gee!
So lieflik soos die blinke morester—
Die bode van 'n dag van heerlijkheid—
Net so aanloklik heerlijk blink vir my
Die uitvlog wat ek nou met reg kan kies—
Die uitvlog van ondankbaarheid. Al wat
Ek het en wat ek is is—ek aan hom,
Aan Vadertjie verskuldig. Sal ek nou
Sy laaste uur nog swarter maak vir hom?
Sal ek hom in 'n wanhoopsdood sien gaan
Met twee wat hy versorg het en bemin,
Hom albei tot verdriet? Die een sy seun,
Op pad naar sy verderf. Die ander niks
Van hom as deur die een'ge hand gehou
Wat deur sy eie liefde en sy trou
Gesmee is tussen hom en tussen haar—
En sy, sy sou vir hom begewe? Sy
Sou hom laat sterwe met sy laaste hoop
Hier in sy laaste uur vernietig? Sy,
Terwille van haar eie heil alleen?

Nee weg, o Morester! Ek weier jou—
Gaan weg met jou belotte van die dag.
Die dag is nie vir my—ek kies die nag.

75/265 Enkeleksamploer

(Aan Oom Hendrik:)

Ou Vadertjie, dis seker maar net bloot
'n Ongeluk met Jan vandag. Hy is
Nog jonk, 'n bietjie wild, en sy plesier
Het hom sy selwe laat vergeet. Dit sal
'n Les wees dié vir hom vandag. En as
Dit anders was—te meer nog dan sal hy,
Ou Vadertjie, 'n invloed nodig hê
Om hom te red. Nee, Vadertjie, ek hou,
Ek hou my aan my woord. As jy moet gaan—
Dis vreeslik om te dink ons sal moet skei—
Maar daardie paadjie moet ons almal gaan—
As jy moet gaan, sterf dan gerus sover
As hierdie hoop betref. Ek hou my woord.

OOM HENDRIK (opsy aan Oom Dawid):

Sien jy, Neef Dawid, Mieta het hom lief.
Na dit . . . nog lief! Nog lief . . . en sy't gesien,
Soos jy gesien het . . . my ou vriend, soos ek . . .
Moes sien nog by my laaste lig op aarde . . .
En sy het hom nog lief! Hoe wonderlik,
Neef Dawid . . . is 'n vrouehart. Hul is . . .
Gods engele . . . op aard gestuur vir ons.

Sy het hom lief; sy sal . . . hom trou . . . sy sal
Hom red. Ek sterf . . . met jammer in my hart . . .
Ek sterf . . . met skaamte op my sangesig . . .
Maar . . . God is goed . . . ek sterf nie sonder hoop.

OOM DAWID:

Ou vriend, wat sy kan doen dit sal sy doen;
Wat ek kan doen dit sal ek doen. Jop seun
Is jonk en onbedagsaam. Dikwels word
Die wildste seun die degelikste man.

OOM HENDRIK:

Ek dank jou, Dawid, vir jou troos. As God . . .
My tog . . . die korte tydjie maar wil spaar . . .
Om wat ek nog moet reël . . . klaar te kry.

Hoor ek 'n kar . . . weer stilhou op die werf?

MIETA (kyk by die voordeur uit):

Ja, Vadertjie, dit is die prokureur.

OOM HENDRIK:

Nooi hom tog binne, kind. . . En as hy-kom . . .
Laat ons . . . 'n korte halfuurtjie . . . alleen.
Ons moet 'n sakkie . . . vir die laaste reël.

MIETA:

Ja, Vadertjie, dis goed.

(Sy gaan by die voordeur uit.)

OOM HENDRIK (neem 'n bossie sleutels
uit sy sak):

Neef Dawid, in die muurkassie . . . daar in die
eetkamer . . . is medisyne. Jy sal weet . . . watter
. . . die beste is. Bring my tog . . . 'n versterk-
middel . . . met 'n bietjie water . . . om my laaste
. . . kraggies . . . bymekaar te hou . . . solank as
. . . nodig is.

OOM DAWID (neem die sleutels):

Ja, Neef Hendrik.

(Hy gaan uit, by die eetkamerdeur in.)

OOM HENDRIK (alleen):

O Here, skenk my tog . . . die krag om . . . my
laaste plig . . . nog uit te voer.

(Van Zyl kom agter Mieta in by die voordeur.)

VAN ZYL (*gee Oom Hendrik die hand*):

More Oom. O my tyd, wat is dit dan? Mieta sê Oom het 'n bietjie naar geword.

OOM HENDRIK:

Ja, my vriend, dis die uiteinde.

VAN ZYL:

Ag, nee wat, Oom. Dit sal verbygaan.

OOM HENDRIK:

Nee, my vriend. My tydjie . . . is baie kort. Sit jou . . . papiere . . . tog reg om dadelik te skrywe.

(*Van Zyl maak sy handsak oop en sit papier, ink en pen reg op die tafel. Oom Dawid kom in, by die eetkamerdeur, met 'n glas medisyne in sy hand. Hy groet vir Van Zyl.*)

OOM DAWID:

Neef Hendrik, drink tog nou 'n mondjievol en oor 'n rukkie sal ek jou weer gee.

(*Hy hou die glas aan Oom Hendrik se lippe en die ou man drink.*)

OOM HENDRIK:

Dankie, Neef Dawid. Sit, my ou vriend. Sit tog, my vriend Van Zyl . . . ons het . . . baie min tyd. Soos jy weet, ek het een seun . . . en 'n aangenome dogter . . . wat my net . . . so na en dierbaar is . . . as enige eie kind ooit . . . kon wees. Seg my . . . erf sy . . . uit my Boedel?

VAN ZYL:

Sonder testament, Oom, erf sy niks. Die seun erf alles.

OOM HENDRIK:

Kan ek . . . volgens wet . . . my Boedel vermaak . . . aan wie 't ek wil?

VAN ZYL:

O ja, Oom. Aan wie 't Oom wil. Daar is nie so iets as legitieme porsies meer nie.

OOM HENDRIK:

Kan ek . . . alles . . . aan wildvreemde . . . vermaak as ek wil?

VAN ZYL:

Ja, net soos Oom wil.

OOM HENDRIK:

Neef Dawid . . . tog nog 'n mondjievol. Hou my . . . aan die lewe.

(*Oom Dawid hou weer die glas aan Oom Hendrik se lippe en maak sy hoof nat.*)

OOM HENDRIK:

Dankie . . . Neef Dawid. Nou ja, my vriend van Zyl . . . my hele Boedel dan . . . aan my aangenome dogter . . . Mieta . . . en ek stel haar aan as my . . . Eksekuttrise. My volle naam is . . . Hendrik Barend. Haar naam . . . is Maria . . . Johanna. Skryf nou . . . so vinnig . . . as jy . . . op die aarde kan.

(*Van Zyl skryf haastig.*)

OOM HENDRIK:

My ou vriend, dit was ál plan . . . wat ek . . . kon uitdink. Seg my . . . keur jy dit goed?

OOM DAWID :

Neef Hendrik, ja. Ek dink jy handel wyselik. Wat ook gebeur, Mieta sal nie vir Jan veronreg nie.

OOM HENDRIK :

En ek hoef jou nie eens . . . te vra nie, ou vriend . . . gee haar tog . . . jou raad en hulp. Ek laat haar . . . skatryk na. Sy is . . . 'n meisie-kind . . . sy sal haarself . . . nie kan beskerm nie.

OOM DAWID :

Ek sal dit doen, ou vriend. Hier, neem nog 'n mondjievol.

(Hy hou die glas aan Oom Hendrik se lippe.)

VAN ZYL :

Ek het klaar, Oom. Ek sal voorlees wat ek geskryf het. *(Hy lees, helder en stadig :)*
„Ek, Hendrik Barend Stoffels, maak hierby my laaste testament. Ek benoem my aangenome dogter Maria Johanna Wouter tot my enigste en universele erfgenaam van my ganse boedel en nalatenskap en ek stel haar aan tot my eksekutriese.
„Aldus gedaan en geteken in teenwoordigheid van die getuie wat neffens-aan onderteken het.”

VAN ZYL (voortgaande) :

Is dit reg so, Oom Hendrik?

OOM HENDRIK :

Dit is reg. Nog 'n mondjievol . . . Neef Dawid . . . asseblief.

(Oom Dawid gee dit.)

OOM HENDRIK :

Waar moet ek teken?

VAN ZYL :

Dáar, Oom.

(Hy hou die papier op 'n boek reg en wys met sy vinger. Oom Hendrik vat die pen by hom maar kan dit noueliks vashou.)

VAN ZYL :

Maak maar 'n kruisie, Oom.

(Oom Hendrik doen dit. Van Zyl en Oom Dawid teken.)

OOM HENDRIK :

Dank God . . . dis afgedaan. Ek kan . . . in vrede sterwe. Ou vriend . . . nog net één mondjievol. . . Dit sal . . . die laaste wees. *(Hy drink)* Gaan roep tog . . . vir Mieta.

OOM DAWID (maak die eetkamerdeur oop en roep) :

Mieta! die ou man roep.

(Mieta kom oombliklik in, staan by Oom Hendrik, en hou sy hand.)

OOM HENDRIK (met 'n glimlag) :

My kindjielief . . . my seun het my verdriet . . . En bitt're kommer aangedaan. Maar God . . . Het my 'n dogter bygegee. . . Sy was . . . My troos en steun . . . die sonskyn op my pad . . . Tot deur my laaste . . . donker dae heen. Vaarwel . . . my kindjielief . . . God segen jou . . . Soen my, my kind . . . myself ontbreek die krag.

MIETA (soen hom) :

Vaarwel, ou Vadertjie.

OOM HENDRIK :

My seun, my Jan . . .
Ek wil jou vir die laaste groet.

MIETA :

Ek gaan
Hom roep, ou Vadertjie.
(Sy klop aan die slaapkamerdeur, wag 'n oomblikkie, draai die deur oop, en gaan in.)

OOM HENDRIK :

Neef Dawid, dag
Ou vriend. Maar nee . . . ek se nie dag. Ek roep . . .
Tot wedersiens, my boesenvriend . . . vanaf
Ons jonge jare . . . tot ons ouderdom.
My lewe het . . . sy leed gehad . . . en God . . .
Hy weet hoe swaar dit was . . . al moes ek dit
Uit skaamte . . . vir jou wegsteek. Maar . . . jy was
My hulp . . . deur stilte . . . en deur swyge heen.
Ek het geweet . . . jy weet . . . en jy't geweet . . . ek weet.
Tot siens, ou vriend.

OOM DAWID :

Ou vriend, tot siens, jy sal . . .
Nie lank die wedersiens hoof af te wag.
(Hy hou weer die medisyne aan Oom Hendrik se lippe.)

OOM HENDRIK :

Nee dankie, my ou neef . . . ek kan nie meer.
(Mieta kom terug uit die slaapkamer. Sy kyk na Oom Dawid, wenk agteruit, en skud haar kop, betekenisvol.)

MIETA (tersyde aan Oom Dawid):
Oom Dawid, dit is hopeloos. Ek kan
Vir Jan nie wakker kry.

OOM HENDRIK :

My seun,
My seun . . . ek kan jou . . . nie meer sien, my seun.
Dis donker . . . kom tog naderby, my seun . . .
Kom groet jou vader . . . hy vertrek.

(Om Dawid val sy hand. Oom Hendrik dink
blykbaar dat dit Jan is.)

OOM HENDRIK (voortgaande) :

My seun . . . ek het die laaste tyd . . . ek vrees
Ek het . . . die liefde nie bewys . . . aan jou
My seun . . . soos deur die jare heen . . . toe daar
Geen donker wolk . . . nog tussen ons . . . gekom het.
En jy . . . jy had my liefde . . . nodig Jan . . .
Te meer nog . . . want jy had . . . geen moeder meer.
Maar glo . . . jou sterwend vader tog . . . dit was—
Die liefde . . . was nog altyd . . . in my hart—
My liefde . . . vir my seun . . . my enigste.
Vergeef jou vader . . . Jan . . . Vaarwel . . . my seun,
God segen jou . . . my Jan . . . my enigste.

(Sy hoof sak agteroor. Oom Hendrik druk sy
oë toe. Mieta kniel voor hom met haar gesig op
sy bors en haar arms hom omhelsend.)

TUSSENPOOS